Kersprogram

Gereformeerde Kerk Kameeldrift

22 November 2020

Vooraf

Voices divine: “Benedictus” - Robat Arwyn

Voices divine: “Gloria in Excelsis” - Beethoven

Erediens Prediker: Dr Douw Breed

Votum

Seën

Gemeentesang: Psalm 149: 1 & 2

Gemeentesang: Liedboek 354: 1 & 4

Gebed

Skriflesing: Matteus 2:1-15 en Hosea 11:1-11

Teks: Matteus 2:15

Woordverkondiging

Tema: *Hierdie Kind móés na Egipte sodat ek volledig en finaal uit Egipte gelei kon word.*

Hy móés na Egipte.

Toe God sy seun, Israel, uit Egipte gelei het (Hos. 11:1), het sy liefde, sorg, genade en die betekenis wat Hy aan sy seun se lewe gegee het (Hos. 11:3-4), bo alle twyfel vasgestaan. Met wreedheid verwerp hierdie seun egter God se liefde. Soos ‘n ontroue vrou loop hy agter ander gode aan(Hos. 11:2).

Tog laat God hierdie seun van Hom nie vaar nie. Hy bedwing sy “gloeiende toorn” (Hos. 11:8-9). God se liefde vir die seun waaroor Hy Hom ontferm het, brand te sterk. God stuur sy eie natuurlike Seun. Hierdie Seun móés na Egipte (Matt 2:15). Hy word een met God se volk. Hy gaan staan in hulle plek. In Hom begin die uittog weer!

In Hom is ek volledig en finaal uit Egipte gelei.

Weer roep God sy seun uit Egipte, maar nou in sy eie Seun (Matt 2:15). God lei sy seun Israel in sy eie Seun uit die slawehuis. By hierdie Seun van God was daar geen wreedheid en geen ontrouheid nie, net volkome toewyding aan sy Vader. As Hy plaasvervangend in volkome toewyding God se “gloeiende toorn” (vgl. Hos. 11:9) binnegaan en dit ten volle dra, word God se ander kind, elke ware gelowige, volledig en finaal uit Egipte gelei. As ek in geloof aan God se eie Seun verbind is, word die Seun se volkome toewyding my toegereken. Ek is dan volledig en finaal regverdig verklaar. Wie ‘n regverdige is, is ook ‘n heilige. God se eie Seun gee aan elke verloste die Heilige Gees. Deur die Gees gedring groei ons in heiligmaking, leef ons as kinders van God wat volledig en finaal uitgelei is uit Egipte.

Gebed

Gemeentesang: Ps. 72: 2, 10 & 11

Seën

Voices divine: “Halleluja” – Gordon Young.

Gemeentesang sittend: Liedboek 345 vers 1 & 4. “Kom alle getroues”.

Voorlesing: Willie-Brown vd Walt: Johannes 1:1 -18. “Die Woord het mens geword”.

Gemeentesang sittend: Liedboek 365: 1 & 2. “Hoor die blye eng'lelied”.

Voorlesing: Mathilda Maré: Lukas 2: 1 - 7. “Die geboorte van Jesus”.

Voices divine: “Carols of Bells” - Verwerk deur Carli de Villiers.

Gedig: “Sy seëngroet” vertolk deur Susan Fourie.

Gemeentesang staande: Liedboek 353 vers 1 & 2. “Die Heiland is gebore”.

Voorlesing: Mathilda Maré: Lukas 2: 8 -12. “Die skaapwagters en die engele”

Gemeentesang sittend: Liedboek 364: 1 & 2. “Herders op die ope velde”.

Gedig: “Herders” vertolk deur Susan Fourie.

Gemeentesang sittend: Liedboek 358: 1; 2 & 3. “Somerkersfees”

Voorlesing: Bottie Botma: Openbaring 21: 1 - 3.“Die nuwe hemel en die nuwe aarde”

Voices divine: “Nuwe begin” – komponis: Carli de Villiers.

Voorlesing: Bottie Bothma: Openbaring 22: 1 - 5 “Die nuwe Jerusalem”

Gemeentesang staande: Skrifberyming 4-6. “Ere aan God”.

Voices Divine: “Don’t give up” verwerking deur Carli de Villiers.

Gemeentesang staande: Liedboek 348: 1, 2 & 3. “Stille nag”.

Bedankings

Hartlik dank aan die volgende:

- Voices Divine: Hetta Coertze, Natasha van Niekerk, Sonica Bucksteg, Therese Havenga, Cherine Kirsten en begeleidster Carli de Villiers
- Orrelis: Ronel Pienaar
- Voorlesers / vertolker: Susan Fourie; Willie-Brown vd Walt; Bottie Bothma en Mathilda Maré
- Klank: Ruben Swart & Wayne Maclean
- Versierings in die kerk: Susan Fourie
- Program samestelling: Hetta Coertze
- Program uitleg: Lizanne Aucamp
- Verversings: Die susters van Kameeldrift

Resumé: Voices Divine

VOICES DIVINE is ‘n samestelling van Gauteng se beste sangtalent. Onder leiding van die geniale verwerkings en musikale direksie van Carli de Villiers, betower Voices Divine gehore al sedert 2010. Hulle programme is geskik vir enige tipe geleentheid – konserte, troues, korporatiewe funksies, privaat geleenthede en liefdadigheidsgeleenthede. Elke lid dra iets uniek by tot die groep.

Almal word hartlik uitgenooi om na die program verversings op die stoep te geniet.